

**9 Oktober**

**Jy is uit genade gered!**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 2:2-10**  
**Fokusgedeelte: Efesiërs 2:8-10**

Die geloof is daar! Jy verstaan nie, binne jou definisie van geloof, hoe dit werk nie. Tog is dit daar! 'n Ongeskoolde, akademies onopleibare, gestremde persoon glo in die enige ware God. Hy het nie geleer wat dit beteken om te glo nie. Hy verstaan nie die taalkundige definisie van die woorde "ware kennis" en "vaste vertrou" nie. Tog glo hy. Tog sing hy met oorgawe. Tog bid hy 'n kinderlike gebed.

Hy het van sy kant af nog nooit iets gedoen om God doelbewus te plesier of te beïndruk of selfs te manipuleer nie. Tog lewe hy tot eer van God. Tog verskaf Hy plesier aan sy Skepper.

Hy verstaan nie skynheiligheid nie. Hy wil nie mense met sy geloof beïndruk nie. Hy doen nie dinge sodat hy 'n kind van God kan word nie. Hy doen niks, hy is dit. Hy is 'n kind van God.

Hy glo, want dit is God die Heilige Gees wat geloof in die hart van die mens werk. *"Geloof is 'n gawe van God. Julle is inderdaad uit genade gered. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."*

Dit is nie anders met jou en my nie. Al dink ons so baie oor geloof. Al wil ons graag ten minste 'n bydrae lewer om gered te word. Al tree ons soms op sodat mense en God ons doelbewus moet raaksien.

Sy geloof is die ware geloof. Ons kan by hom leer. God red mense uit genade.

*Sing: Psalm 103:1, 2 (Totius)*

*Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)*